**Mediavrystelling:**

**PPS GEE R1,7 MILJARD TERUG AAN LEDE NA STERK 2011**

*30 Maart 2011:* PPS, die spesialis Suid-Afrikaanse finansiële diensteverskaffer vir gegradueerde professioneleberoepslui, het die waarde van sy onderlinge besigheidsmodel beklemtoon na die aankondiging dat sy lede as PPS Provider™-polishouers R1,7 miljard in toewysings aan hulle Surpluskortingsrekeninge (SKR'e) ontvang het.

"Die R1,7 miljard wat aan ons lede teruggegee is, bo en behalwe die R1,3 miljard lewens- gevreesdesiekte- en ongeskiktheidseise wat ook gedurende die afgelope jaar aan lede betaal is, is gelyk aan 'n gemiddeld van R3,4 miljoen wat elke dag aan lede uitbetaal word," sê Mike Jackson, Uitvoerende Hoof van PPS.

PPS het gesê bedryfswins het in 2011 met 19% tot R881,5 miljoen toegeneem om die sterk tendens van die afgelope paar jaar voort te sit, met groei in bedryfswins wat gemiddeld met 18% per jaar oor die afgelope vyf jaar gestyg het.

Jackson sê die uitstekende resultate beklemtoon die waarde van die onderlinge model. "Lede wat vir baie jare by PPS gebly het, het 'n beduidende finansiële belang in die maatskappy verkry, bo en behalwe hulle voordele as polishouers en seker gemaak dat, namate PPS groei, ons lede in ons sukses kan deel."

Die totale bates van PPS het volgehoue sterk groei getoon en in 2011 met 10% tot R17,7 miljard toegeneem, met bates wat die afgelope vyf jaar met gemiddeld 10% per jaar gegroei het. Die groep het ook vir eerste keer 'n verhoging van 11% in bruto premie-inkomste tot meer as R2,0 miljard aangekondig.

Jackson het bygevoeg dat PPS se fokus op groei in sy ledetal verdere momentum gekry het met meer as 12 000 nuwe lede wat in 2011 by PPS aangesluit het. "Ons was baie suksesvol met ons werwing van nuwe lede en is vol vertroue dat namate ons produkreeks aanhou groei hierdie tendens gedurende 2012 sal voortduur.

"Ons fokus vir die jaar wat voorlê sal wees om nuwe lede te lok én om kruisverkoopgeleenthede vir ons huidige lede te skep. Vanaf 2012 sal alle lede baat vind by 'n verbreding van PPS se etos van onderlingheid aangesien alle PPS Provider™-kernprodukte nou 'n direkte winstoewysing na hulle SKR'e het. Die gevolg is dat hoe meer produkte die lede by PPS het, hoe groter is hulle deel van winstoewysings."

PPS Beleggings, wat beleggingsprodukte aan PPS-lede verskaf, het sterk groei getoon met nuwe invloeie van R1,6 miljard en totale bates onder bestuur wat met 31% tot R8,0 miljard toegeneem het. Hierdie merkwaardige resultaat is binne slegs vyf jaar behaal.

“Ons medieseskema-administrasiebesigheid, PMSA, het ook buitengewone groei getoon en het tans ongeveer 81 500 hooflede.

“Ons is uiters tevrede met PPS se prestasie gedurende die afgelope jaar. Hierdie resultate bewys die krag van die onderlinge model en namate die besigheid aanhou groei, baat ons lede deur in die winste van die maatskappy te deel.”

**-einde-**

**Addisionele inligting:**

PPS het meer as 200 000 lede met toegang tot ’n omvattende reeks finansiële en gesondheidsorgprodukte wat spesifiek aangepas is om in die behoeftes van gegradueerde professionele persone te voorsien.

PPS is die grootste Suid-Afrikaanse maatskappy van sy soort wat nog ’n onderlinge struktuur handhaaf, wat beteken dat dit suiwer tot voordeel van sy lede bestaan. Lede wat polishouers is, kan dus eksklusief in die wins van PPS Versekering deel, en lede met PPS Beleggingsprodukte kan ook in die wins van PPS Beleggings deel.

PPS-lidmaatskap verleen toegang tot die volgende beproefde en betroubare produkte en dienste: PPS Versekering, PPS Korttermynversekering, PPS Beleggings en Profmed Mediese Skema. Besoek www.pps.co.za vir meer inligting.

PPS is ’n gemagtigde verskaffer van finansiële dienste.